Nuusbrief Newsletter

04/ 2012 2012-02-10 LAERSKOOL TZANEEN PRIMARY

Posbus 171
Tzaneen 0850

Tel. 015 307 3601
Faks/Fax: 015 307 4656

E-pos / E-mail: lstzn@mweb.co.za
Webwerf / Web site: http://www.laerskooltzaneen.com

Die skool vir kinders van ouers wat omgee!
The school for learners of parents who care!

UIT DIE HOOF SE PEN / FROM THE PRINCIPAL'S DESK

LAERSKOOL TZANEEN – WEEKLIKSE NUUSBRIEF 3/2012

- **Week 4** en die **tweede rondtetoets (Afr./Sep./Xit.)** is agter die rug. Dankie aan ouers wie se boekfooi- en skoolgelde op datum is! / ***Week 4*** *and the* ***second term test (Afr./Sep./Xit.)*** *is behind us. Thank you to all parents whose book fee and school fee payments are up to date!*
- Die **skoolgelddokumentasie** wat u verlede Vrydag ontvang het **(geel skoolfondskaart, rekeningstaat, aanmaning oor agterstallige rekeninge en debietordermagtiging)** moes op die laatste vandag by die skool terugbesorg wees! / *The* ***school fee documentation*** *which you received last Friday* ***(school fee card, account statement, admonishment for fees in arrears and debit order authorization)*** *was supposed to be returned to school at the latest today!*
- Ondersteun asseblief ons **atletiekspanne te Laerskool Drakensig (A-span)** en **Laerskool Gravelotte (B-span)** met more se byeenkomste. Die A-span het verlede Saterdag op Phalaborwa amok gemaak en die addisionele span te Duiwelskloof het ook 'n duidelike merk gemaak! / *Please support our* ***athletic teams at Drakensig Primary School (A team) and Laerskool Gravelotte (B team) tomorrow****. The A team at Phalaborwa as well as the additional B team at Duiwelskloof last Saturday, really excelled and made us proud!*
- ***Grade 4 English medium parents*** *must take note that the decision to phase out the* ***2 African Languages*** *as from Grade 4 was not taken lightly, but after some research at the end of last year, serious discussions at the School Governing Body's strategic planning for 2012 and due to serious lack of manpower*

in that regard and limited classroom accommodation. At a meeting with the ***Circuit Manager last Friday****, this serious matter was discussed in all earnest and strategies suggested to address the situation. In short, at least* ***5 additional teachers as well as 5 extra classrooms*** *are needed to implement African Languages in a proper way! You will be kept informed about this serious matter.*

- Onthou, **atletiek-, netbal- en rugby-oefeninge is in volle swang!** / ***Remember, athletics, netball and rugby practices are already going strong****!*

Daar sal voortaan maandeliks by wyse van die nuusbrief **statistieke deurgegee word van die stand van skoolgeldbetalings (getal ouers betaal in vergelyking met die begroting) asook van optredes deur die skool geneem (getal aanmanings, telefoonoproepe, oorhandigings)**. Eerste inligting aanstaande week! / *In future monthly* ***statistics will be provided*** *in the weekly newsletter of* ***the state of school fee payments (number of parents who paid in comparison with the budget) as well as steps taken by the school (number of admonishments, phone calls, handovers)****. The first information in this regard next week!*

Pragtige **ondersteunershempies** is op deurlopende basis met **voorafbetaling** van **R 175** by die finanskantoor beskikbaar. Daar is passtelle waarmee die regte grootte bestel kan word / *Very special* ***supporter's shirts*** *are available from the finance office on an ongoing basis by paying* ***R 175 in advance****. Fitment sizes are available to ensure that the correct sizes are ordered.*

Ouers moet asseblief daarop let om met enige bankinbetalings die **familiekode** as verwysing te gebruik, ten einde ons kontrole vanaf die bankstate te vergemaklik / *Parents must please make use of the* ***family code*** *as reference when paying fees into the school account. It helps in our control of the bank statements.*

Ouers wat reël dat kinders langs **die pad op- en afgelaai word met die busse, kinders kom aflaai en oplaai om met die busse vervoer te word, asook die naskoolsentrumouers**, moet asseblief sorg dat hulle **te alle tye betyds is**! Ons het 'n reeling met personeel om **na wagtyd van hoogstens 'n half uur** agterblywende kinders na die **sekuriteitswag by die hoofhek** te neem, waar ouers hul dan maar kan kry.

Parents who arrange for their children to ***be picked up and dropped off along the way with the buses, who off-load and pick up children to make use of school transport, as well as the after school centre parents,*** *must please* ***ensure to be punctual at all times****! We have an arrangement with our staff* ***to only wait for an extra half an hour****, whereafter remaining children* ***will be taken to the security guard at the main gate,*** *where their parents can then collect them.*

Dokumentasie vir **vrystelling van skoolgelde** is steeds beskikbaar met die sluitingsdatum **29 Februarie**.

Alle ouers wat van die gerieflike debietorderstelsel gebruik wil maak, moet OPNUUT dokumentasie voltooi asseblief! / *Documentation for **exemption of school fees** is still available with the closing date being **29 February**. **All parents who choose to make use of the debit order system for school fees, must please complete documentation in this regard ANEW**!*

- Die skool se **naskoolsentrum** funksioneer weer volledig net soos in die verlede en **daar is etlike plekke beskikbaar** / *The school's **after school centre** is once again functioning exactly as in the past and **there are still some spaces available!***
- **Maandag** volg meer inligting waar ons die skoolfonds kan aanvul deur u **bestaande gloeilampe met "langlewe energiebesparende" gloeilampe te vervang en sal ESCOM ons vergoed teen R 3 per gloeilamp (daar is 30 000 gloeilampe beskikbaar!).** / *On Monday more information will follow **regarding a project to raise additional funds.** We can replace all your **existing light bulbs at home with "long life energy saving" globes and ESCOM will reward us at R 3 per bulb (there are 30 000 lamps available!)***

VIC RIJNEN (HOOF / PRINCIPAL)

SKOOLBEHEERLIGGAAM COMMUNIQUE / SCHOOL GOVERNING BODY COMMUNIQUE

Die skoolbeheerliggaam wil hiermee alle ouers bedank vir hul samewerking met die invul en terughandiging van die dokumentasie met betrekking tot die betaling van skoolfonds (maandeliks, termynliks en/of jaarliks). Voorts vir die hoë persentasie skoolgeldbetalings vir Januariemaand. Ons is vol vertroue dat dit volgehou gaan word. /

The School Governing Body hereby wishes to thank all parents for their cooperation regarding the completing and returning of the documentation relating in the payment of school fees for Januarie 2012. The payment percentage of school fees for Januariy 2012 is also quite high and it is expected of everyone to continue herewith.

JE NAGEL: VOORSITTER/CHAIRMAN

SPORT

ATLETIEK / ATHLETICS

Uitslae Saterdag 4 Februarie 2012 / Results 4th of Februarie 2012:

'n A-span van Laerskool Tzaneen het op Saterdag 4 Februarie 2012 saam met 4 ander skole deelgeneem te Phalaborwa Noord Laerskool. / *An A Team participated at Phalaborwa North Primary School against 4 other schools.*

Prestasies/Achivements	**Medaljes/*Medals***
Goud / *Gold:*	35
Silwer / *Silver:*	35
Brons / *Bronze:*	22
	92

Rekords verbeter / *Records improved*:			
1.	Nyiko Mavasa	1 500 m	S/B o/u 13
2.	Lara Schutte	1 500 m	D/G o/u 13
3.	Mia de Jager	1 500 m	D/G o/u 13
4.	Kayla Armstrong	Gewigstoot / Shot Put	D/G o/u 11
5.	Brendon Kruger	100 m	S/B o/u 11
6.	Melissa Naudé	200 m Hekkies/Hurdles	D/G o/u 13
7.	Comfort Shingange	200 m Hekkies/Hurdles	S/B o/u 13
8.	Lia Revelas	70 m Hekkies/Hurdles	D/G o/u 10
9.	Telanie van Renen	75 m Hekkies/Hurdles	D/G o/u 12
10.	Reuben Maritz	Verspring/Long Jump	S/B o/u 13
11.	Seuns/Boys	Aflos/Relay	o/u 9

Die B-span het saam met 6 ander skole deelgeneem te Duiwelskloof Laerskool. / *The B Team was at Modjadji's Kloof Primary School and participated against 6 other schools.*

ATLETIEK vervolg ... / ATHLETICS continues ...

Prestasies/Achievements Medaljes/*Medals*

Goud / *Gold:*	11
Silwer / *Silver:*	15
Brons / *Bronze:*	14
	40

Die A-span neem eerskomende naweek deel teen 6 skole by Laerskool Drakensig te Hoedspruit. / *This coming week-end our A Team athletes are participating against 6 schools at Drakensig Primary School at Hoedspruit.*

Die B-span neem ook Saterdag deel teen 4 skole by Laerskool Gravelotte. / *The B Team will be going to Gravelotte Primary School, where they will have 4 schools to exert their strength against.*

Volgende Maandag 13 Februarie neem 46 van ons atlete deel aan die distrikte byeenkoms by Nkowankowa stadion. Sterkte aan die atlete. / *Next Monday the 13th of February 2012, 46 of our athletes will represent us at the Districts Meeting held at Nkowankowa Stadium. Our best of luck wishes go with them. Keep our name high!*

- **Victor en Victrix Ludorums**
  - Lia Revelas: Junior Victrix Ludorum
  - Lara Schutte: Senior Victrix Ludorum
- **Aflosspanne/*Relay Teams*:** beste aflosspanne!/*best relay teams!*

Well done boys and girls! We are ever so proud of you all. Thanks to our coaches for the efforts they put in! We've taken note! Our school teams deserve an applause!

A teacher affects eternity:

He can never tell where his influence stops.

Henry Adams

** Neem asb. kennis: veranderings of byvoegings op die kwartaalprogram sal weekliks in die nuusbrief deurgegee word.*

Weekprogram 5: Maandag 13 Februarie tot Vrydag 17 Februarie 2012
Weekprogramme 5: Monday 13 February to Friday 17 February 2012

13/02	Ma. / Mon.	• Athletics: "Cluster Meeting" (12:00) • Bulletjierugby-vergadering 14:00 • Rugby– en Netbaloefening (soos gereël) • Mediasentrum 13:30-15:00) • **Trompoppies**: Ma. en Wo. **Gr. 1-6:** 16:15 tot 17:15 **Gr. 7:** 17:15 tot 18:15	• Nkwowankowa stadium • Peter Mokaba stadium
14/02	Di. / Tues.	• Rugby– en Netbaloefening (soos gereël) • Young Bulls practice (17:00)	
15/02	Wo. / Wed.	• **Trompoppies**: Ma. en Wo. **Gr. 1-6:** 16:15 tot 17:15 **Gr. 7:** 17:15 tot 18:15 • Mediasentrum 13:30-15:00)	
16/02	Do. / Thurs.	• **TEST 3: English (Gr. 4-7)** • Rugby and netball practice • Bulletjierugby oefening (17:00)	
17/02	Vr. / Fri.	• Atletiek: Mopani Distrikkampioenskappe	

VERTONING !!!

Andries Hendrik Potgieter & Magdi Kasselman

VOORSKOU: Magdi Kasselman
OPTREDE: **Andries Hendrik Potgieter**
WAAR: Merensky Hoërskool, Tzaneen
WANNEER: 18 Februarie 2012
TYD: 18h30
TE KOOP: Worsbroodjies, hot dogs en koeldrank (deur die Voortrekkers)
KOSTES: **R80** (Volwassenes & hoërskoolkinders)
R40 (Laerskool kinders)

Andries Hendrik Potgieter is trots Afrikaans, trots op sy herkoms en hy het 'n passie om dieselfde gevoel onder jongmense wakker te maak. Andries Hendrik is egter nie net jou gewone jongman wat jy agter elke hoek en draai uitskop nie. Eerstens, hy spog met 'n interessante stamboom. Hy is 'n direkte afstammeling van die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter, wat 'n belangrike bydrae tot die land se geskiedenis gemaak het. Familietrots loop sterk in sy famlie, maar soos baie jong Suid-Afrikaners het Andries-Hendrik tot onlangs geen belangstelling in sy familiegeskiedenis getoon nie. Hy is egter nou gereed om sy grootjie se skoene vol te staan. Sy Voortrekker-grootjie het dorpe soos Potchefstroom en Ohrigstad ontdek en was ook een van die wat die Boere Republiek, Noord van die Oranjerivier, gestig het. Nes sy grootjie wil Andries-Hendrik nuwe grondgebied inneem. Nie deur nuwe dorpe en stede op te rig nie, maar om jongmense opgewonde oor hulle verlede en toekoms te maak.

Andries-Hendrik is aan die voortou van die Staan as Een projek wat op jeugontwikkeling en morele waardes gemik is. Saam met SAMA-wenner, Nedine Blom en die Grammy-bekroonde Soweto Gospel Choir het Andries-Hendrik 'n album opgeneem wat in Maart 2011 in meer as 400 musiekwinkels beskikbaar was. Hy is ook aangewys as die gesig van vakverbond, Solidariteit, se 'Basta' projek wat 14 Maart die lig gesien het. Dirk Hermann, adjunk uitvoerende hoof van Solidariteit, het onlangs 'n boek, Basta! Ons voetspore is in Afrika, uit sy pen laat verskyn. Dit vertel die Afrikaner se verhaal aan die hand van die lewe van gewone mense. Jongmense en alle Afrikaners word uitgedaag om hulle Afrika- en Afrikaneridentiteit in die moderne era te herontdek. Hermann skryf dat hy hoop dat Basta! Afrikaners sal motiveer om hulle voetspore in Afrika te soek.

Keer terug na jou wortels en koester jou herkoms

Die Basta-projek het aan hoërskool leerlinge die geleentheid gebied om aan 'n nasionale liriekskryfkompetisie deel te neem. Dit het hulle genoodsaak om ook ondersoek rakende hulle herkoms in te stel. Andries-Hendrik sing die temalied, Basta, asook die res van die wenliedjies. Die agt wenliedjies is aangewys en op 'n album opgeneem wat 10 November reeds beskikbaar was. Bekende sanger, Steve Hofmeyr, sing ook saam met Andries-Hendrik die wenlied, Ons is Afrika. Andries-Hendrik sit nie stil nie en hy is ook die kunstenaar wat deur die FAK gekies is om 'n album van die ou bekende Afrikaanse liedjies te maak. Saam met Dirk van Niekerk van Noted Music trek Andries-Hendrik vir liedjies soos 'Sarie Marais' en 'Die Alibama' nuwe baadjies aan. Die album, ROOI-WARM, is alreeds 19 Oktober in winkels beskikbaar. 'n Nuwe en opwindende FAK produksie wat groot name soos Marga van Rooy en Eric Nobbs insluit gaan ook regoor Suid-Afrika en die buiteland toer. Hierdie jaar gaan ook 'n groot tydperk in Andries-Hendrik se kalender wees. Saam met Helpende Hand pak hy 'n nuwe projek aan wat weer die jeug aan die helde van die geskiedenis herhinner. Helpende Hand tesame met Kraal-uitgewers gaan 'n boek en CD bekendstel wat die stories van helde soos Dirkie Uys en Rachel de Beer vertel. Andries-Hendrik sal dan ook liedjies oor hierdie verhale opneem wat saam met die boekie na duisende kinders regoor die land versprei sal word. Jongmense en kinders is werklik Andries-Hendrik se passie. Andries-Hendrik is ook verbonde aan 'n kleuterskool in Krugersdorp, Jolige Jakkers, waar hy tyd saam met minderbevoorregde kinders spandeer.

Andries Hendrik se lewensverhaal sal binnekort in boekvorm vervat word. Die bekende skryfster, Maretha Maartens, het 'n liefdesroman, LIGLOPERS, oor sy lewe geskryf wat die opvolg is van 2002 se beste verkoper, POPCORN. Andries-Hendrik se avontuurlustigheid en energie het hom al 'n vol lewe besorg en hy is gereed om die volgende hoofstuk in sy lewe met albei hande aan te gryp. Die 31-jarige Pretorianer is een van vier kinders. Andries-Hendrik swem en draf graag. Hy is versot op die buitelewe en verkies die bosveld bo die stad.

KONTAK BESONDERHEDE:
Sya van der Walt (Persoonlike Bestuurder)
vanderwaltls@sabc.co.za
082 332 9512
Willem Venter (Algehele Bestuurder)
wpventer@gdm.org.za